Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 12 MEI 2009

Die koue, pannekoek en sop-aande is sinoniem met mekaar. 'n Kaggelvuurtjie wat vrolik knetter rond die prentjie mooi af. Ongelukkig bring die koue talle siektes mee. Ons doen weer eens 'n baie ernstige beroep op ons ouers om **nie u siek kind skool toe te stuur nie**. Indien u kind nie 'n vraestel kan skryf as gevolg van siekte nie, gaan u kind sy/haar deurlopende- en toetspunt op sy/haar rapport kry.

Oor twee weke sluit die skool vir ons wintervakansie – 'n groot lekkerte om na uit te sien.

Ons is egter nou midde in ons Junie eksamens en ons glo en vertrou dat ons leerders hulle goed sal voorberei op vraestelle wat geskryf gaan word.

U het ook reeds u kind se eerste toetsverslag ontvang. Ons vra dat ons ouers mooi daarna sal kyk en vir u vergewis indien u kind 'n akademiese agterstand het, sodat dit vroegtydig aangespreek kan word.

Die meeste buitemuurse aktiwiteite is vir hierdie kwartaal reeds gestaak.

NB: BELANGRIKE KENNISGEWING

Soos u reeds almal weet is eerskomende Maandag 'n vakansie vir alle skole. Dit bring mee dat ons 'n lekker langnaweek het wat voorlê. Na goeie oorweging is daar besluit dat die skool **Vrydag, 12 Junie, om 12:00** sal uitkom vir alle grade. Nasorg gaan egter aan soos normaal. Daar is nog steeds ouers wat hulle kinders later as 17:30 by die nasorg kom afhaal. **Ons vra dat u asseblief moet hou by die nasorg tye, veral as u, u kind kom afhaal.**

Daar is steeds ouers wat na 17:30 u kind kom oplaai, wat **onaanvaarbaar** is, aangesien ons nasorgdames net tot 17:30 op die perseel moet wees en omdat u, u kind laat kom oplaai, beteken dit dat een van die dames dan moet bly tot u opdaag. Ons dink nie dit is regverdig teenoor die nasorgdames om soms tot so laat as 18:00 by die skool te wees nie.

HUISEIENAARS

Wil u graag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913**.

NB: KENNISGEWING - BEHEERLIGGAAMVERKIESING / KUNSWEDSTRYDKONSERT

Die volgende inligting rakende bogenoemde word weer vir u deurgegee:

- Nominasievorms is by die kantoor beskikbaar tydens kantoorure (07:00 tot 15:00).
- 19 Junie 2009: Nominasievergadering vanaf 11:45 tot 12:00.
- Verkiesing vanaf 12:00 tot 14:00.
- Indien u nie self die verkiesing kan bywoon nie, kan u vir mnr Le Grange skriftelik toestemming gee, om namens u te stem.
- 19 Junie 2009: Gratis kunswedstrydkonsert vanaf 10:00 tot ongeveer 11:40.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

ONS IS DRINGEND OP SOEK
NA 'N MINATUUR TOY PINCHER.
SKAKEL VIR
JUF. CARINA BY
0822009348.

GIMNASTIEK

Baie geluk aan Leané Brand wat aan die S-VS Ritmiese Kampioenskappe gedurende Mei deelgeneem het. Sy verower 'n goue medalje (1ste plek) en kwalifiseer vir die Inter-Provinsiale Kampioenskappe (SA'S) wat op 16 Junie in Johannesburg plaasvind. Ons is trots op jou.

Die volgende twee gimnaste het tydens die Helena Botha Uitnodigingskompetisie op 6 Junie goed presteer:
0/12 Vlak 3 – Rochelle Drury – algeheel 5de.
0/8 vlak 1 – Carla van der Merwe – algeheel 7de.
Baie geluk aan julle twee.

VAKANSIEPROGRAM: 29 Junie tot 3 Julie.

'n Vakansieprogram word vir die Graad 1 – 3 leerders deur Chester Meyer en Alida Nell gedurende die vakansie aangebied.
Die program is 'n fantastiese geleentheid om u kind se musikale vermoëns te ontwikkel.
TYD: 08:00 – 12:00.
PLEK: Primêre Skool Jim Fouché.
KOSTE: R400,00 vir die week.
Ons het slegs 20 plekke beskikbaar, dus moet u vinnig spring om 'n plek vir u kind te verseker.
Skakel vir Chester Meyer by 0769479158.

0/13 RUGBY- EN KRIEKET PRESTEERDERS

Die volgende 0/13 seuns presteer goed in rugby en krieket:

- Thiardt Ingram is in die Suid-Vrystaat krieketspan opgeneem.
- Jakobus Fourie en Themba Bikane is altwee gekies vir die Cravenweek A-rugbyspan.
- Charles Raath is gekies vir die Vrystaat B-rugbyspan.
- Audwin Laubscher en Thiardt Ingram is vir die Vrystaat C-rugbyspan gekies.

Baie geluk aan julle en julle ouers en 'n groot woord van dank aan mnre. Pierre du Toit en Piet van Vuuren. Ons is voorwaar trots op ons seuns.

FINANSIES:

Rekeninge word vandag uitgestuur. Maak asseblief seker dat u een van u kind ontvang. Rekeninge wat 90 dae uitstaande is en nie teen die einde van die kwartaal vereffen is nie, sal ingevolge 'n Beheerliggaam besluit oorhandig word. Kontak asseblief die kantoor indien u probleme ondervind.

Wees blymoedig in moeilike tye :

1. Behou blymoedige vriende – 'n suurknol trek jou onder.
2. Hou aan leer – moet nooit toelaat dat brein ledig is nie.
3. Geniet eenvoudige dinge.
4. Lag dikwels, lag lank en lekker – totdat jy na jou asem snak !